

ESTER

Inleiding

Naam van die boek

Ester

Algemeen

Die boek se naam stem ooreen met die sentrale vrouekarakter, naamlik Ester. Ester is 'n Jodin wat 'n koningin in die Persiese Ryk geword en haar posisie gebruik het om haar volk van uitwissing te red. Hierdie gebeure word jaarliks met die Purimfees herdenk. Die instelling van hierdie fees word dan ook gekoppel aan die gebeure in die boek.

Die verhaal van Ester is 'n historiese vertelling wat afspeel teen die agtergrond van die Persiese Ryk en spesifiek die hofhouding van koning Ahasveros. Die Jode moes hulle in die geskiedenis telkens handhaaf om te oorleef onder vreemde heerskappye. Vergelyk ook die verhale van Daniël en Josef.

Teksgeskiedenis en styl

Ester het 'n komplekse teksgeskiedenis, deurdat verskeie weergawes van die verhaal in beide die Aramese en die Griekse tradisies aangetref word. Saam met *Ester* vorm *Rut*, *Hooglied*, *Prediker* en *Klaagliedere* die vyf feesrolle wat tydens die vyf groot feeste van die Jode gelees word. Die boek is geskryf in verhalende styl en die taalgebruik weerspieël die aard en weelde van die koninklike hofhouding.

Tyd en plek van ontstaan

Die boek word geplaas ná die ballingskap, in 'n tyd toe baie Jode 'n diaspora-gemeenskap gevorm het en die verhaal is gerig op hierdie lesers.

Die gebeure speel af in die stad Susan, in die Persiese Ryk. Daar word algemeen aanvaar dat koning Ahasveros Xerxes I is, wat vanaf 486-465 vC regeer het. Die boek het dus eerder binne die diasporagemeenskap buite Palestina ontstaan as in Palestina self.

Lesers

Die lesers was Jode wat onder vreemde heersers geleef het en geleer het om as 'n minderheidsgroep te leef. Die feit dat verskillende weergawes van *Ester* bestaan, beklemtoon die feit dat gemeenskappe in die tye ná die ballingskap waarde geheg het aan hierdie tipe literatuur en die hantering van die temas daarin.

Temas en kenmerke

Een van die belangrikste kenmerke van die boek *Ester* is dat die Here se naam nie daarin voorkom nie. In die boek is daar 'n kreatiewe spanning tussen menslike inisiatief en geïmpliseerde Goddelike inisiatief.

Die boek het 'n sterk nasionalistiese inslag. Kwessies soos identiteit en die oorlewing van minderheidsgroepe word aangeraak. 'n Belangrike tema is verder die wettiging of instelling van die Purimfees, die enigste Joodse fees waarvan die onderhouding nie in die Tora beveel word nie. Die doel van die fees is om die Jode daaraan te herinner om mense te help in 'n tyd van onderdrukking.

Opbou van die boek

- 1:1-9 Koning Ahasveros vier fees
- 1:10-22 Koningin Vasti verontagsaam koning Ahasveros se bevel
- 2:1-18 'n Nuwe koningin word gesoek
- 2:19-23 Mordegai red die koning se lewe
- 3:1-15 Konflik tussen Haman en Mordegai
- 4:1-17 Mordegai oorreed Ester om in te tree vir die Jode
- 5:1-8 Ester se versoek aan die koning
- 5:9-14 Mordegai se dood word beplan
- 6:1-4 Die koning vereer Mordegai
- 7:1 – 8:2 Haman word gehang
- 8:3-17 'n Nuwe wet word uitgevaardig
- 9:1-19 Die triomf van die Jode
- 9:20-32 Die Purimfees word ingestel
- 10:1-3 Mordegai beywer hom vir sy mense

1

Koning Ahasveros vier fees

¹ Dit het gebeur gedurende die tyd van Ahasveros^a, dieselfde Ahasveros wat regeer het vanaf Indië tot by Kus^b oor 127 provinsies.

² In daardie tyd, terwyl koning Ahasveros op die troon was in die

^a1:1 **Ahasveros**: Ahasveros is die Hebreeuse vorm van die meer bekende Griekse vorm van die naam, naamlik Xerxes. Xerxes 1, die kleinseun van Kores die Pers, het van 485 tot 465 vC regeer.

^b1:1 **Kus**: Dit is die Hebreeuse naam vir Nubië.

vestingstad Susan^c – ³ dit was die derde jaar van sy regering – het hy 'n feesmaal aangebied vir al sy hoë amptenare en dienaars. Die militêre leiers van die Perse en die Mede, die koninklikes en die hoë amptenare van die provinsie het voor hom verskyn. ⁴ Hy het toe die prag en praal van sy koninkryk se rykdom, sowel as die kosbare skatte wat van sy belangrikheid getuig, dae lank, vir 180 dae, vertoon. ⁵ En ná hierdie geleentheid het die koning nog 'n feesmaal aangebied in die binnehof van sy paleistuin vir al die mense wat hulle in die vestingstad Susan bevind het, van die belangrikste persoon tot die geringste, sewe dae lank. ⁶ Duursame behangsels van linne, geweefde materiaal en pers wol is met koorde van fyn wit linne en purperrooi wolstof en silwer ringe aan albasterpilare vasgemaak. Banke van goud en silwer is reggesit op 'n mosaïekplaveisel van kosbare gesteentes: albaster, perlemoen en nog ander. ⁷ Wyn is geskink in goue bekere wat almal verskillend was. Koninklike wyn is in oorfloed geskink, soos daar van 'n koning verwag word. ⁸ Volgens die koning se bevel kon elkeen drink net soveel soos hy wou, want dit is wat die koning die hofmeesters van sy paleis beveel het, naamlik om elkeen se wens te vervul. ⁹ Ook koningin Vasti het in die paleis van koning Ahasveros vir die vroue 'n feesmaal aangebied.

Koningin Vasti verontagsaam koning Ahasveros se bevel

¹⁰ Op die sewende dag, toe die koning heel vrolik was van die wyn, het hy vir Mehuman, Bisseta, Garbona, Bigta, en Abagta, Setar en

^c1:2 *Susan*: Persië het vier belangrike hoofstede gehad, waarvan Susan een was. Die koning was gewoonlik in die drie lentemaande daar tuis.

Karkas – sewe van die eunugs^d wat voor die aangesig van koning Ahasveros gedien het – gesê¹¹ om koningin Vasti te gaan haal. Sy moes met haar koninklike kroon voor die koning haar skoonheid aan die gewone mense en die hoë amptenare vertoon, want sy was baie mooi.¹² Maar koningin Vasti het geweier om te gaan soos die koning haar deur die eunugs beveel het. Die koning het woedend geword; hy was briesend kwaad.¹³ Die koning het toe die wyse manne geraadpleeg, kenners van die tradisies, want dit was die koning se gebruik om sake aan kenners van die wet en regspraak voor te lê.¹⁴ Onder hulle was die koning se belangrikste raadgewers, Karsena, Setar, Admata, Tarsis, Meres, Marsena en Memukan, sewe hoë amptenare van die Perse en Mede wat spesiale toegang tot die koning gehad het en die voorste inwoners van die koninkryk was.¹⁵ Hy het hulle gevra:^e “Volgens wet, wat moet met koningin Vasti gedoen word?” Sy het immers nie koning Ahasveros se bevel, soos deur die eunugs oorgedra, uitgevoer nie.¹⁶ Memukan het in die teenwoordigheid van die koning en die raadgewers gesê: “Dit is nie net teenoor die koning wat koningin Vasti verkeerd opgetree het nie, maar ook teenoor al die hoë amptenare en al die mense in al koning Ahasveros se provinsies;¹⁷ want die nuus oor die koningin se gedrag sal onder al die vroue versprei, en dit sal daartoe lei dat hulle op hulle mans neersien. Hulle sal sê, ‘Koning Ahasveros het beveel dat koningin Vasti voor hom moet verskyn, maar sy het nie gegaan nie.’¹⁸ Vandag nog sal al die vooraanstaande vroue van die Perse en die Mede wat gehoor het van die koningin se optrede, dit aan al die hoë

^d1:10 *eunugs*: 'n Eunug is 'n ontmande haremopsigter of hofamptenaar.

^e1:15 *Hy ... gevra*: Hierdie woorde ontbreek in die bronteks.

amptenare van die koning voorhou, en dit sal tot eindelose minagting en woede lei. ¹⁹ As die koning dit goedvind, laat hy 'n koninklike bevel uitvaardig wat geskryf word in die wette van die Perse en die Mede, sodat dit nie herroep kan word nie, dat Vasti nooit weer voor koning Ahasveros mag verskyn nie, en dat die koning haar as koningin vervang met 'n beter vrou as sy. ²⁰ As die bevel gehoor word wat die koning in sy hele koninkryk – groot soos dit is – uitgevaardig het, sal alle vrouens hulle mans, van die belangrikste tot die geringste, met eerbied behandel.” ²¹ Die koning en sy hoë amptenare het hierdie voorstel goed gevind, en die koning het gedoen wat Memukan voorgestel het. ²² Hy het briewe uitgestuur na al die provinsies van die koning, na elke provinsie, in die inwoners se eie skrifstelsel, aan elke groep in sy eie taal. Elke man moes oor sy huis heers en sy moedertaal praat.

2

'n Nuwe koningin word gesoek

¹ Ná hierdie gebeure, toe koning Ahasveros se woede bedaar het, het hy aan Vasti gedink, aan wat sy gedoen het en hoe oor haar besluit is.

² Die jongmanne wat die koning bedien, het gesê: “Laat hulle vir die koning mooi jong maagde soek. ³ Laat die koning daarom beamptes aanstel in al die provinsies van sy koninkryk, om al die mooi jong maagde bymekaar te bring in die harem, in die vestingstad Susan, onder toesig van Hegai, die koning se eunug,^f wat die vroue oppas, en gee vir hulle 'n skoonheidskuur. ⁴ Laat die jongmeisie wat die koning

^f2:3 *eunug*: 'n Eunug is 'n ontmande haremopsigter of hofamptenaar.

geval, koningin word in Vasti se plek.” Die koning het die voorstel goedgevind en hy het so gemaak.

⁵ Daar was 'n Joodse man in die vestingstad Susan. Sy naam was Mordegai, seun van Jaïr, seun van Simi, seun van Kis, en 'n Benjaminiet. ⁶ Hy was een van die ballinge wat saam met Jojagin,⁹ koning van Juda, deur Nebukadnesar, koning van Babel, uit Jerusalem weggevoer is. ⁷ Mordegai was die voog van Hadassa,^h dit is Ester, die dogter van sy pa se broer; want sy het nie meer 'n pa en ma gehad nie. Die jongmeisie was goed gebou en beeldskoon. Ná die dood van haar pa en ma, het Mordegai haar as sy dogter aangeneem.

⁸ Toe die koning se bevel en wetgewing bekend gemaak is en baie jongmeisies in die vestingstad Susan bymekaargebring is onder toesig van Hegai, is Ester ook na die paleis van die koning gebring onder toesig van Hegai, wat na die vroue omgesien het. ⁹ Die jongmeisie het 'n goeie indruk gemaak op Hegai en sy guns gewen. Hy het vir haar sonder versuim haar skoonheidsmiddels en voorgeskrewe kos gegee. Ook het hy sewe van die beste diensmeisies uit die koning se paleis aan haar gegee en haar en haar diensmeisies na die beste deel van die harem verskuif. ¹⁰ Ester het nie haar volksverband of haar afkoms bekend gemaak nie, want Mordegai het haar beveel om dit nie te doen nie. ¹¹ Elke dag het Mordegai buite die voorhof van die harem rondgestap om uit te vind hoe dit met Ester gaan en wat met haar gebeur. ¹² Voordat 'n meisie se beurt aangebreek het om na koning Ahasveros te gaan, moes sy volgens die gebruik van die harem vir twaalf maande 'n skoonheidskuur ondergaan: ses maande lank met

⁹2:6 *Jojagin*: Die bronteks lui “Jegonja”.

^h2:7 *Hadassa*: Hadassa is as naam gebruik in Joodse kringe.

mirre-olie, en daarna vir ses maande behandelings met balsemolie en skoonheidsmiddels vir vroue. ¹³ Wanneer 'n meisie na die koning gaan, is alles uit die harem wat sy wou hê, aan haar gegee om saam te neem na die paleis van die koning. ¹⁴ Sy het in die aand gegaan en in die oggend teruggekeer na die tweede harem wat onder toesig was van Saäsgas, die eunug van die koning wat die byvroue oppas. Sy kon nie weer na die koning gaan nie, behalwe as die koning van haar gehou het en sy by die naam geroep is.

¹⁵ Toe dit die beurt was van Ester, die dogter van Abigajil, die oom van Mordegai, wat haar as sy dogter aangeneem het, om na die koning te gaan, het sy niks gevra om saam te neem nie, behalwe dit wat die eunug, Hegai, die hoof van die harem, aanbeveel het. Ester het die bewondering geniet van almal wat haar gesien het. ¹⁶ Ester is na koning Ahasveros, na sy koninklike paleis, geneem in die tiende maand, die maand Tebet, in die sewende jaar van sy regering.

¹⁷ En die koning het Ester liefgekry, meer as al die ander vroue. Sy het die koning se bewondering en guns geniet, meer as al die ander maagde. Hy het die koninklike kroon op haar hoof geplaas en haar koningin gemaak in die plek van Vasti. ¹⁸ En die koning het 'n groot feesmaal aangebied vir al sy hoë amptenare en sy dienaars, 'n feesmaal ter ere van Ester. Hy het 'n vakansiedagⁱ uitgeroep vir al die provinsies en met koninklike vrygewigheid geskenke uitgedeel.

Mordegai red die koning se lewe

¹⁹ Toe daar vir 'n tweede keer maagde bymekaargebring is, het Mordegai in die poort van die koning se paleis gesit. ²⁰ Ester het nie

ⁱ2:18 *vakansiedag*: Kan ook verstaan word as 'n belastingamnestie.

haar herkoms en haar volksverband bekend gemaak nie, soos Mordegai haar beveel het. Sy het Mordegai se bevel gehoorsaam soos toe sy nog in sy sorg was. ²¹ In daardie tyd, terwyl Mordegai in die paleispoort gesit het, het Bigtan en Teres, twee van die koning se eunugs en deurwagters, uit verbittering saamgesweer om koning Ahasveros te vermoor. ²² Toe Mordegai daarvan te hore kom, het hy dit aan koningin Ester gerapporteer, en Ester het namens Mordegai die koning ingelig. ²³ Toe die saak ondersoek en as waar bevind is, is die twee aan 'n paal opgehang. Dit alles is in die boekrol met die kronieke opgeskryf in die teenwoordigheid van die koning.

3

Konflik tussen Haman en Mordegai

¹ Ná hierdie dinge het koning Ahasveros Haman, seun van Hammedata die Agagiet, vereer, hom bevorder en aan hom 'n hoër posisie gegee as dié van al die ander hoë amptenare wat by hom was. ² Al die dienaars in die koningspoort het gekniel en diep neergebuig voor Haman, want dit is wat die koning beveel het. Mordegai het egter nie gekniel en diep neergebuig nie. ³ Die dienaars van die koning in die koningspoort het vir Mordegai gevra: “Hoekom verontagsaam jy die bevel van die koning?” ⁴ Toe hulle dit dag ná dag vir hom gevra het, en hy hom steeds nie aan hulle gesteur het nie, het hulle dit vir Haman vertel. Hulle wou sien of Mordegai sou volhard met sy optrede, aangesien hy aan hulle verduidelik het dat hy 'n Jood is. ⁵ Toe Haman sien dat Mordegai nie voor hom kniel en diep neerbuig nie, het hy woedend geraak. ⁶ Dit was nie vir hom voldoende om net vir Mordegai dood te maak nie; hy het immers te wete gekom aan watter volk

Mordegai behoort. Haman wou al die Jode, die volk van Mordegai, in die hele koninkryk van Ahasveros uitwis. ⁷ In die eerste maand, die maand Nisan, in die twaalfde regeringsjaar van koning Ahasveros, is die lot, bekend as die Pur, in die teenwoordigheid van Haman gewerp om 'n dag en 'n maand te kies. Die lot het geval op die twaalfde maand, die maand Adar.

⁸ Haman het vir koning Ahasveros gesê: “Daar is 'n sekere volk wat versprei, maar tog afgesonder, onder die volke in al die provinsies van u koninkryk woon. Hulle gebruike verskil van enige ander volk en hulle gehoorsaam nie die wette van die koning nie. Dit is nie gepas vir die koning om hulle te laat begaan nie. ⁹ As dit die koning se goedkeuring wegdra, vaardig 'n dekreet uit dat hulle uitgewis moet word. Ek sal dan tienduisend talent^j silwer oordra aan die amptenare wat die koning se sake hanteer om dit in die koning se skatkis te stort.” ¹⁰ Die koning het sy seëlring van sy hand afgehaal en dit vir Haman, die seun van Hammedata, die Agagiet, teenstander van die Jode, gegee. ¹¹ Die koning het vir Haman gesê: “Die silwer kan jy hou, en maak met die volk wat jy wil.”

¹² Die skrywers van die koning is ontbied op die dertiende van die eerste maand. Daar is 'n dekreet uitgevaardig in die skrif van elke provinsie en die taal van elke volk, in ooreenstemming met alles wat Haman die satrape^k van die koning, die goewerneys oor elke provinsie en die hoë amptenare van elke volk beveel het. In die naam

^j3:9 *talente*: 'n Talent gewig was ongeveer 34,2 kilogram. 'n Talent was die grootste geldeenheid destyds, en tien duisend was die grootste bedrag denkbaar.

^k3:12 *satrape*: 'n Satraap is die verteenwoordiger van die Persiese koning in die provinsies van sy ryk.

van koning Ahasveros is dit geskryf en verseël met die seëling van die koning. ¹³ Hierdie briewe is met boodskappers^l gestuur na al die provinsies van die koning met die opdrag om die Jode uit te wis en dood te maak, om almal te verdelg, oud en jonk, vrou en kind, op dieselfde dag, die dertiende van die twaalfde maand, die maand Adar, en om hulle besittings buit te maak. ¹⁴ 'n Afskrif van die dekreet moes in elke provinsie uitgevaardig word as wet. Die inhoud daarvan moes aan al die mense bekend gemaak word sodat hulle gereed kon wees vir daardie dag. ¹⁵ Die boodskappers het op bevel van die koning haastig vertrek. Die wet is uitgevaardig in die vestingstad Susan. Die koning en Haman het gaan sit om te drink, maar die stad Susan was in beroering.

4

Mordegai oorreed Ester om in te tree vir die Jode

¹ *Toe Mordegai uitvind wat alles gebeur het, het hy rouklere aangetrek, met as op sy kop. Hy het uitgegaan, die stad in, en hard en bitterlik geweeklaag. ² Hy het tot net voor die koningspoort gekom, want niemand met rouklere kon by die poort ingaan nie. ³ In al die provinsies en streke waar die besluit en die wet van die koning bekend geword het, was daar groot droefheid onder die Jode. Hulle het gevas en gehuil en gerou, en baie het in sak en as gaan lê.^m ⁴ Toe Ester se diensmeisies en eunugsⁿ haar hiervan kom vertel, is die koningin

^l3:13 *bodskappers*: Letterlik “hardlopers”.

^{*}4:1 Matt 11:21

^m4:3 *in sak ... lê*: Letterlik “rouklere en as is uitgesprei vir baie”.

ⁿ4:4 *eunugs*: 'n Eunug is 'n ontmande haremopsigter of hofamptenaar.

oorweldig deur ang. Sy het vir Mordegai klere gestuur om aan te trek en sy rouklere te vervang, maar hy het dit nie aanvaar nie. ⁵ Ester het toe vir Hatak, een van die koning se eunugs wat hy tot haar beskikking gestel het, geroep. Sy het hom beveel om uit te vind wat aangaan en waarom Mordegai so optree. ⁶ Hatak het uitgegaan na Mordegai op die stadsplein voor die koningspoort. ⁷ Mordegai het hom ingelig oor alles wat met hom gebeur het, insluitend die presiese bedrag silwer wat Haman beloof het om aan die skatkis van die koning te betaal vir die uitwissing van die Jode. ⁸ Hy het ook 'n afskrif van die geskrewe wet wat in Susan uitgevaardig is om die Jode uit te wis, vir Hatak gegee om aan Ester te wys en die inhoud aan haar mee te deel. Hatak moes haar aansê om na die koning te gaan en hom om genade te smee en te pleit vir haar volk. ⁹ Hatak het teruggegaan na Ester en Mordegai se boodskap aan haar oorgedra. ¹⁰ Ester het Hatak beveel om vir Mordegai te sê: ¹¹ “Al die dienaars van die koning en al die mense van die provinsies van die koning weet dat daar vir enige man of vrou wat na die koning in sy binneste voorhof gaan sonder dat hulle ontbied is, net een reël geld en dit is dat die persoon doodgemaak word. Die enigste uitsondering is wanneer die koning sy goue septer na die persoon uithou en op hierdie manier so iemand se lewe spaar. En ek, ek is nou al vir dertig dae nie na die koning ontbied nie.” ¹² Toe Ester se woorde aan Mordegai oorgedra is, ¹³ het Mordegai haar laat weet: “Moenie dink dat net jy, van al die Jode, sal ontkom omdat jy in die koning se paleis woon nie. ¹⁴ Want as jy wel in hierdie tyd sou swyg, sal daar uitkoms en redding vir die Jode van 'n ander plek af kom; maar jy en jou familie sal omkom. En wie weet of jy nie juis vir 'n tyd soos hierdie koninklike status verkry het nie?” ¹⁵ Ester het toe vir

Mordegai laat weet: ¹⁶ “Gaan versamel al die Jode wat hulle in Susan bevind, en vas ter wille van my. Moet vir drie dae, dag en nag, niks eet of drink nie; ook ek en my diensmeisies sal so vas. Daarna sal ek na die koning gaan, al is dit teen die wet. As ek so moet omkom, kom ek so om.” ¹⁷ Mordegai het toe weggegaan en alles gedoen wat Ester hom beveel het.

5

Ester se versoek aan die koning

¹ Op die derde dag het Ester haar koninklike klere aangetrek en in die binneste voorhof van die koning se paleis voor die troonsaal gaan staan, terwyl hy op sy koninklike troon in die troonsaal regoor die ingang sit. ² Die oomblik toe hy koningin Ester in die voorhof sien staan, het sy hom bekoor. Hy het die goue septer in sy hand na haar uitgesteek. Sy het nadergegaan en die punt van die septer aangeraak. ³ Die koning sê toe vir haar: “Wat is dit, koningin Ester? Wat jou wens ook al is, al is dit die helfte van my koninkryk, dit sal vir jou gegee word.”* ⁴ Ester het geantwoord: “As die koning dit goedvind, laat u en Haman vandag na die feesmaal kom wat ek vir u voorberei het.” ⁵ Die koning het beveel: “Laat Haman dadelik kom sodat ons kan voldoen aan Ester se versoek.” Die koning en Haman het toe na die feesmaal gegaan wat Ester voorberei het. ⁶ Terwyl hulle wyn drink, sê die koning vir Ester: “Wat jou versoek ook al is, dit sal vir jou gegee word. En wat jou wens ook al is, al is dit die helfte van my koninkryk, dit sal toegestaan word.”* ⁷ Ester het

*5:3 Mark 6:23

*5:6 Mark 6:23

toe geantwoord en gesê: “My versoek en my wens is: ⁸ As die koning my goedgesind is, en as u dit goedvind om aan my versoek te voldoen en my wens toe te staan, laat die koning en Haman kom na die feesmaal wat ek vir hulle sal voorberei. Mōre sal ek doen wat die koning vra.”

Mordegai se dood word beplan

⁹ Haman het op daardie dag bly en in 'n opgeruimde stemming weggegaan. Maar toe Haman vir Mordegai in die koningspoort gewaar en sien dat Mordegai nie uit respek vir hom opstaan en bewe van vrees vir hom nie, het Haman woedend geword vir Mordegai. ¹⁰ Maar Haman het homself bedwing en huis toe gegaan. Hy het sy vriende en sy vrou, Seres, laat kom ¹¹ en by hulle gespog oor sy oorfloedige rykdom, sy baie seuns, en al die maniere waarop die koning hom vereer en bevorder het bo die ander hoë amptenare en dienaars van die koning. ¹² “Maar dit is nog nie al nie,” het Haman gesê. “Ek is die enigste persoon vir wie koningin Ester genooi het om saam met die koning na die feesmaal te gaan wat sy voorberei het. En ek is ook mōre saam met die koning na haar genooi. ¹³ Maar dit alles stel my nie tevrede solank as wat ek vir Mordegai, die Jood, in die koningspoort sien sit nie.” ¹⁴ Seres, sy vrou, en al sy vriende het vir hom gesê: “Laat hulle 'n paal gereedmaak, vyftig el hoog. Praat mōre met die koning hieroor, sodat hulle Mordegai daaraan ophang. Daarna kan jy opgeruimd saam met die koning na die feesmaal gaan.” Haman het van hierdie voorstel gehou en die paal gereedgemaak.

6

Die koning vereer Mordegai

¹ Daardie nag het die slaap die koning ontwyk. Hy het beveel dat die boekrol met die amptelike kronieke, die verslag van daaglikse gebeure, gebring moet word. Toe dit aan die koning voorgelees is, ² het hulle op 'n inskrywing afgekom dat dit Mordegai was wat onthul het dat die koning se twee eunugs,^o Bigtan en Teres, die poortbewakers, saamgesweer het om koning Ahasveros te vermoor. ³ “Watter eer en erkenning het Mordegai daarvoor ontvang?” het die koning gevra. Die jongmanne van die koning, sy dienaars, het geantwoord: “Daar is niks vir hom gedoen nie.” ⁴ Die koning het gevra: “Wie is in die voorhof?” Haman het pas ingekom na die buitenste voorhof van die koninklike paleis om die koning te vra om Mordegai op te hang aan die paal wat hy vir hom gereedgemaak het. ⁵ Die jongmanne van die koning het geantwoord: “Kyk, dit is Haman wat in die voorhof staan.” “Laat hom binnekom,” het die koning beveel. ⁶ Toe Haman binnekom, het die koning hom gevra: “Wat moet gedoen word met iemand aan wie die koning graag eer wil betoon?” Haman het vir homself gesê: “Aan wie anders as aan my sou die koning graag eer wil betoon?” ⁷ Haman antwoord die koning: “Iemand aan wie die koning graag eer wil betoon – ⁸ vir so iemand moet 'n koninklike kleed gebring word wat die koning self gedra het, en 'n perd waarop die koning self gery het, en 'n koninklike krans moet op sy kop gesit word. ⁹ Die kleed en die perd moet gegee word aan een van die vooraanstaande hoë

^o6:2 *eunugs*: 'n Eunug is 'n ontmande haremopsigter of hofamptenaar.

amptenare van die koning, en hy moet die kleed vir die man vir wie die koning graag wil vereer, aantrek. En hulle moet hom op die perd laat ry oor die stadsplein en voor hom uitroep, ‘So word gemaak met iemand vir wie die koning graag wil vereer!’ ” ¹⁰ Die koning het vir Haman gesê: “Maak gou, neem die kleed en die perd soos jy voorgestel het en maak net so met Mordegai, die Jood, wat in die koningspoort sit. Moet niks uitlaat van alles wat jy voorgestel het nie!” ¹¹ Haman het die kleed en die perd geneem. Hy het die kleed om Mordegai gehang en hom oor die stadsplein laat ry en voor hom uitgeroep: “So word gemaak met iemand vir wie die koning graag wil vereer!” ¹² Mordegai het hierna teruggegaan na die koningspoort, maar Haman is haastig terug na sy huis, bedroef en met 'n bedekte hoof.

¹³ Haman het vir sy vrou Seres en sy vriende alles vertel wat met hom gebeur het. Sy raadgewers en sy vrou Seres het vir hom gesê: “As Mordegai, voor wie jou val al begin het, van die Joodse volk afkomstig is, sal jy hom nie kan oorwin nie; jy sal beslis voor hom tot 'n val kom.”

¹⁴ Terwyl hulle nog besig was om met hom te praat, het die eunugs van die koning daar aangekom. Hulle was haastig om Haman na die feesmaal te neem wat Ester voorberei het.

7

Haman word gehang

¹ Die koning en Haman het by koningin Ester gaan eet. ² Terwyl hulle op die tweede dag van die feesmaal wyn gedrink het, het die koning weer vir Ester gevra: “Wat is jou versoek, koningin Ester? Wat jou versoek ook al is, dit sal vir jou gegee word. En wat jou wens ook al is,

al is dit die helfte van my koninkryk, dit sal toegestaan word.”*

³ Koningin Ester het geantwoord en gesê: “As ek guns vind in u oë, o koning, en as die koning dit goedvind, laat my lewe vir my gegee word, dit is my versoek; en die lewe van my volk, dit is my wens. ⁴ Want ons is verkoop, ek en my volk, om verdelg te word, om vermoor en uitgewis te word. Was ons net as slawe en slavinne verkoop, dan sou ek nog stilgebly het, want so 'n beproewing sou nie genoeg gewees het om die koning daarmee te belas nie.”^p ⁵ Koning Ahasveros vra toe vir koningin Ester: “Wie is hy? En waar is hierdie man wat hom aanmatig om so iets te doen?” ⁶ En Ester antwoord: “Die verdrukker en vyand is hierdie veragtelike man, Haman.” Haman het ineengekrimp van vrees voor die koning en die koningin. ⁷ Die koning het woedend van die wynbanket af opgestaan en na die tuin van die paleis gegaan, maar Haman het agtergebly om by koningin Ester om sy lewe te smee, want hy het gesien dat die koning reeds oor sy ondergang besluit het. ⁸ Toe die koning terugkeer van die paleistuyn na die feesvertrek, val Haman juis neer op die rusbank waarop Ester geleun het. Die koning het uitgeroep: “Wil hy die koningin aanrand, selfs hier by my in die paleis?” Die koning se woorde was nog nie koud nie, toe bedek die dienaars al Haman se gesig. ⁹ Garbona, een van die koning se eunugs,^q het gesê: “Kyk, Haman het selfs 'n paal gereedgemaak vir Mordegai, wat in belang van die koning gepraat het. Daardie paal staan by Haman se huis, vyftig el hoog.” Die koning het gesê: “Hang

*7:2 Mark 6:23

^p7:4 *want so ... belas nie*: Die bronteks is moeilik verstaanbaar en kan ook anders vertaal word.

^q7:9 *eunugs*: 'n Eunug is 'n ontmande haremopsigter of hofamptenaar.

hom daaraan op!”¹⁰ Hulle het Haman toe opgehang aan die paal wat hy vir Mordegai voorberei het. Daarna het die woede van die koning bedaar.

8

¹ Op dieselfde dag het koning Ahasveros die besittings van Haman, die vyand van die Jode, vir koningin Ester gegee. Mordegai het voor die koning verskyn, want Ester het vir die koning gesê wat sy verwantskap met haar is. ² Die koning het sy seëlring afgehaal wat hy van Haman afgeneem het en dit aan Mordegai gegee. En Ester het vir Mordegai aangestel oor Haman se besittings.

'n Nuwe wet word uitgevaardig

³ Ester het weer met 'n versoek na die koning gegaan. Sy het voor sy voete neergeval en gehuil en hom gesmeek om die onheil af te weer wat Haman, die Agagiet, teen die Jode beplan het. ⁴ Die koning het die goue septer na Ester uitgesteek. Sy het opgestaan en voor die koning gaan staan ⁵ en gesê: “As die koning dit goedkeur, en as ek sy guns geniet, as die saak vir die koning aanvaarbaar is, en as die koning my goedgesind is, gee skriftelik opdrag dat die dokumente met die plan van Haman, seun van Hammedata, die Agagiet, om die Jode uit te delg wat in al die provinsies van die koning is, herroep word. ⁶ Want hoe sal ek dit kan verduur om toe te kyk hoe my volk deur so 'n ramp getref word? En hoe sal ek dit kan verduur om toe te kyk hoe my mense uitgewis word?” ⁷ Koning Ahasveros het vir koningin Ester en vir Mordegai, die Jood, gesê: “Kyk, Haman se besittings het ek vir Ester gegee en vir hom het hulle opgehang aan die paal, omdat hy die

Jode wou uitmoor. ⁸ Skryf julle nou na goeddunke in die naam van die koning aan die Jode en verseël dit met die seëlring van die koning, want 'n dokument wat geskryf is in die naam van die koning en verseël is met die seëlring van die koning kan nie herroep word nie.” ⁹ Die skrywers van die koning is dadelik ontbied, in die derde maand, die maand Siwan, op die drie-en-twintigste dag. Presies soos Mordegai beveel het, het hulle alles neergeskryf vir die Jode, die satrape,^r die goewerneys en die hoë amptenare van die provinsies, vanaf Indië tot by Kus, 127 provinsies. Dit is geskryf in die skrif van elke provinsie en in die taal van elke volk, ook aan die Jode in hulle skrif en hulle taal. ¹⁰ Mordegai het in die naam van koning Ahasveros geskryf en die dokumente verseël met die koning se seëlring. Dit is uitgestuur met boodskappers te perd, ruiters op vinnige perde uit die koninklike stal. ¹¹ Die koninklike bevel het aan die Jode in elke stad en dorp die reg gegee om bymekaar te kom en hulleself te verdedig. Enige gewapende mag van enige volk of provinsie wat hulle aanval, kon hulle verdelg, doodmaak en uitroei – vrou en kind – en hul vyande se eiendom plunder. ¹² Dit alles kon op een bepaalde dag in al die provinsies van koning Ahasveros gedoen word, op die dertiende dag van die twaalfde maand, die maand Adar. ¹³ 'n Afskrif van die dokument moes as wet in elke provinsie in die openbaar afgekondig word aan alle volke, sodat die Jode op hierdie dag gereed kon wees om wraak te neem op hul vyande. ¹⁴ Die boodskappers, ruiters op vinnige perde uit die koninklike stal, het haastig vertrek volgens die koninklike bevel. Die wet is ook afgekondig in die vestingstad Susan.

^r8:9 *satrape*: 'n Satraap is die verteenwoordiger van die Persiese koning in die provinsies van sy ryk.

¹⁵ Mordegai het van die koning weggegaan, geklee in 'n koninklike klee van pers wolstof en linne, 'n groot krans van goud en 'n mantel van fyn, wit materiaal en purperrooi wol. En die stad Susan het gejubel en gejuig. ¹⁶ Vir die Jode was dit 'n tyd van lig en vreugde, vrolikheid en eer. ¹⁷ In elke provinsie en in elke stad, elke plek waar die woord en wet van die koning bekend geword het, was daar vreugde en vrolikheid onder die Jode, maaltye en feesdae. Baie mense uit die volke van die land het hulle as Jode voorgedoen omdat die vrees vir die Jode hulle oorval het.

9

Die triomf van die Jode

¹ In die twaalfde maand, dit is die maand Adar, op die dertiende dag, moes die wet en bevel van die koning uitgevoer word. Dit was die dag waarvoor die vyande van die Jode gewag het om hulle te oorweldig. Die omgekeerde het egter gebeur: Die Jode het diegene wat hulle gehaat het, oorweldig. ² Die Jode het bymekaargekom in hulle stede in al die provinsies van koning Ahasveros, om diegene wat hulle ondergang gesoek het, dood te maak. Niemand kon voor hulle stand hou nie, want vrees vir die Jode het al die volke oorval. ³ Al die hoë amptenare van die provinsies en die satrape,^s die goewerneys en die amptenare wat die koning se sake hanteer, het die Jode gesteun, want vrees vir Mordegai het hulle oorval. ⁴ Mordegai het immers belangrik geword in die koninklike paleis en berigte oor hom het deur al die

^s9:3 *satrape*: 'n Satraap is die verteenwoordiger van die Persiese koning in die provinsies van sy ryk.

provinsies versprei. Ja, die man Mordegai het al hoe magtiger geword.
⁵ Die Jode het op hulle vyande toegeslaan en met die swaard dood en verwoesting gesaai; hulle het met hulle haters gedoen net wat hulle wou. ⁶ In die vestingstad Susan het die Jode 500 mense doodgemaak en uitgewis. ⁷ Hulle het ook Parsandata en Dalfon en Aspata ⁸ en Porata en Adalja en Aridata ⁹ en Parmasta en Arisai en Aridai en Wajesata, ¹⁰ die tien seuns van Haman, seun van Hammedata en teenstander van die Jode, doodgemaak, maar nie 'n hand op die buit gelê nie. ¹¹ Die aantal mense wat in die vestingstad Susan doodgemaak is, is nog dieselfde dag aan die koning bekend gemaak.

¹² Die koning het vir koningin Ester gesê: “In die vestingstad Susan het die Jode 'n slagting aangerig. Hulle het 500 mense uitgewis, ook die tien seuns van Haman. Wat sou hulle nie in die res van die provinsies van die koning gedoen het nie! Wat jy versoek, word aan jou gegee. Wat jy verder wens, sal toegestaan word.” ¹³ Ester het geantwoord: “As die koning dit goedkeur, gee dan die Jode in Susan die toestemming om môre ook die wet soos vandag uit te voer en laat hulle die tien seuns van Haman aan die paal ophang.” ¹⁴ Die koning het bevel gegee dat dit gedoen moet word. 'n Wet is in Susan uitgevaardig en die tien seuns van Haman is opgehang. ¹⁵ Die Jode wat in Susan was, het weer bymekaargekom op die veertiende dag van die maand Adar. Hulle het nog driehonderd mense in Susan doodgemaak, maar nie 'n hand op die buit gelê nie. ¹⁶ Intussen is die res van die Jode in die koning se provinsies ook bymekaar geroep om hulle lewens te verdedig en verligting te kry van hulle vyande. Hulle het 75 000 van hul haters doodgemaak, maar nie 'n hand op die buit gelê nie. ¹⁷ Dit het alles gebeur op die dertiende dag van die maand Adar.

Op die veertiende dag het hulle gerus en dit 'n dag van feesviering en vreugde gemaak. ¹⁸ Die Jode wat in Susan was, het egter bymekaargekom op die dertiende en die veertiende dag. Eers op die vyftiende dag het hulle gerus en dit 'n dag van feesviering en vreugde gemaak. ¹⁹ Daarom maak die Jode wat in dorpe op die platteland woon, die veertiende dag van die maand Adar 'n dag van vreugde en feesviering, 'n feesdag waarop hulle eetgoed aan mekaar stuur.

Die Purimfees word ingestel

²⁰ Mordegai het hierdie gebeure opgeskryf. Hy het toe briewe gestuur na al die Jode, naby en ver, in al die provinsies van koning Ahasveros, ²¹ en hulle gelas om elke jaar die veertiende en die vyftiende dag van die maand van Adar te herdenk ²² as die dae waarop die Jode bevry is van hulle vyande, as die maand waarin hulle droefheid verander is in blydskap en 'n tyd van rou in 'n tyd van feesviering. Hulle moes dit dae van feesviering en vreugde maak en aan mekaar eetgoed stuur en aan die armes geskenke uitdeel. ²³ Die Jode het onderneem om voort te gaan met wat hulle begin het om te doen soos wat Mordegai vir hulle voorgeskryf het. ²⁴ Want Haman, seun van Hammedata, die Agagiet, die vyand van al die Jode, het beplan om die Jode te vernietig. Hy het deur die Pur, dit is met die lot, beslis dat hulle ontwrig en vernietig moet word. ²⁵ Maar weens Ester se intrede by die koning het hy skriftelik beveel: “Haman se bose plan wat hy teen die Jode bedink het, moet op sy eie kop neerkom.” Toe het hulle hom en sy seuns aan die paal opgehang. ²⁶ Daarom noem hulle hierdie dae Purim, na die naam Pur. Op grond van al die woorde in hierdie brief en alles wat hulle van die gebeure gesien en beleef het, ²⁷ het die Jode dit ingestel

en hulle daaraan verbind, hulle en hulle nageslag, en almal wat by hulle aansluit, om nie hierdie twee dae na te laat nie, maar om dit altyd jaarliks, soos dit voorgeskryf is, op die vasgestelde tyd te eerbiedig.

²⁸ Hierdie dae moet onthou en gevier word deur elke volgende generasie, deur elke familie, in elke provinsie en in elke stad. Hierdie dae van die Purim mag onder die Jode nie nagelaat word nie en die herinnering daaraan mag onder hulle nageslagte nie vervaag nie.

²⁹ Koningin Ester, die dogter van Abigajil, asook Mordegai, die Jood, het met volle gesag hierdie tweede brief geskryf om die Purim te bevestig. ³⁰ Die briewe is gestuur aan al die Jode in die 127 provinsies van Ahasveros se koninkryk – woorde van voorspoed en trou – ³¹ om hierdie dae van Purim te bevestig op die tye soos wat Mordegai, die Jood, en koningin Ester dit vir hulle vasgestel het, en soos wat hulle hulleself en hulle nakomelinge daartoe verbind het volgens die voorskrifte van vas en weeklag. ³² 'n Bevel van Ester het hierdie voorskrifte van die Purim bevestig en dit is in 'n boekrol opgeskryf.

10

Mordegai beywer hom vir sy mense

¹ Koning Ahasveros het belasting ingestel in die hele land en die eilande van die see. ² Is al sy groot en magtige dae, tesame met 'n noukeurige verslag van die grootheid van Mordegai wat deur die koning vereer is, nie opgeteken in die boekrol met die kronieke van die konings van Medië en Persië nie? ³ Want Mordegai, die Jood, was tweede in bevel onder koning Ahasveros, hoog in aansien onder die Jode en gewild onder baie van sy volksgenote. Hy het hom beywer vir die welvaart van sy volk en ingetree vir die voorspoed van sy hele nageslag.